

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 4 SEPTEMBER 2012 OM 14:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOMMER 8/2012

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed geopen deur Dawid Erasmus, waarna al die lede welkom geheet word.

2. PRESENSIE

2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn	Voorsitter	Tergniet
Charl Coetzer		Fraaiuitsig
Pieter le Roux		Kleinbrak
Charl de Wet		Kleinbrak
Deon Hoon		Reebok
Frik Nel		Reebokhoogte / Bewarea
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Dawid Erasmus		Tergniet
Mike Wray		Tergniethoogte
Dorothy Barnard	Sekretaris/Tesourier/Notuleerder	

2.2 Op uitnodiging

Raadsheer Kallie Smit	Raadslid – Wyk 4
Raadslid Gibo Gerber	Raadslid – Wyk 5
Rozain Hansen	Munisipaliteit

2.3 Afwesig met verskoning

Leon Kruger	Onder-voorsitter	Reebokrif
Lavinia Lunow		Fraaiuitsig
Terrie Terblanche		Riverside
Johann Muller		Reebok (onder spoor)
Des Muller		Riverside
George Nezar		Tergniethoogte

3. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Die notule van die vorige vergadering word sonder wysigings goedgekeur.

Voorgestel en geseondeer deur mnre Dawid Erasmus en Kruger de Wet.

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
<p>4.</p> <p>4.1</p> <p>4.2</p> <p>5.</p> <p>5.1</p>	<p>AANVULLENDE AGENDA</p> <p>Aansoek vir hersonering/vervreemding/onderverdeling van 'n gedeelte van Brinkstraat (Klein-Brakrivier) (padreserwe)</p> <p>'n Skrywe is van die Munisipaliteit ontvang waarin mnr Hartzenberg sy voorneme bekendmaak om 'n gedeelte van die padreserwe van Brinkstraat van die Munisipaliteit te koop.</p> <p>Charl de Wet en Pieter le Roux word versoek om die aansoek na te gaan en Dorothy in kennis te stel oor hulle bevindinge. Die sperdatum vir indiening van besware is 17 September 2012.</p> <p>Rapportering van klagtes aan die Munisipaliteit</p> <p>Die Munisipaliteit se Dienste Moniteringskomitee het versoek dat alle klagtes aan admin@mosselbay.gov.za of deur die smslyn 37285 gekanaliseer word vir beter rekordhouding.</p> <p>Na bespreking oor die werkbaarheid daarvan, word besluit dat:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Versoeke tydens die maandelikse vergaderings sal, soos in die verlede, deur die munisipale amptenaar (Rozain) gerapporteer sal word. • Projekte waarvoor Frik verantwoordelik is sal per e-pos aan admin@mosselbay.gov.za gestuur word met 'n afskrif aan Rozain. • Die werkswyse en rapportering van skoonmaak van erwe sal voortgaan soos dit tans gedoen word aangesien 'n goeie verhouding tussen Dawid Erasmus en André Strauss opgebou is. • Alle ander korrespondensie sal aan admin@mosselbay.gov.za gerig word met 'n kopie aan Rozain. Haal af. <p>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</p> <p>R102 - Versperring van sig by uitgange</p> <p>Op 31 Augustus om 10:00 het die Voorsitter, Raadslid Gerber en Anton Steenkamp van Eden Distriksmunisipaliteit, probleemareas op die R102 besoek en neem die vergadering kennis van die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Besikbaarheid van fondse kelder menige projekte. • Die gehawende toestand van die pad is uitgewys. Onderstaande is die Provinsiale Owerheid se langtermyn beplanning en kan vervroeg of aangeskuif word afhangend van beskikbaarheid van fondse (volgens 'n skrywe van mnr Anton Steenkamp gedateer 23 Augustus 2012): 	<p>Charl / Pieter</p>

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	<p>➤ "Hoofpad 348 vanaf interseksie met die Grootbrak/Lughawe pad tot by kilometer 11,00 dit is min of meer by die laaste toegangspad teen Glentana hoogte. Dit is die rehabilitasie van die pad en word vir 2013 beplan om in 2014 afgehandel te wees.</p> <p>➤ Hoofpad 344 dit is nou R102 is op vir rehabilitasie vanaf Kilometer 1,71 Hartenbos tot kilometer 14,84 Groot Brakrivier. Dit word beplan vir 2015 om afgehandel te wees in 2016.</p> <p>➤ Afdelingspad 1578 vanaf die brug oor die N2 tot by Impalaweg se aansluiting. Hierdie deel is ook op vir rehabilitasie saam met Hoofpad 344 vir 2015 om afgehandel te wees in 2016."</p> <ul style="list-style-type: none"> • Da Gamastraat se sig sal 300m oopgesny word. • Eden Distriksmunisipaliteit sal padverkeerstekens by Wildeperskestraat aanbring en die sig sal ook met 300m oopgesny word. • Padstrook by Wildeperskestraat sal herstel word met die volgende opgradering van R102. • Ingange by Toekoms sal oopgesny word. • Groenkloof/Tergniet ingange sal oopgesny word. • Stormwaterprobleme by Riverside (Munro se kafee) sal aangespreek word deur die sygaardjie van stormwaterdreinerings te voorsien. Stopstrate en hobbels wat aangevra is, is nie moontlik nie. • Spoedgrens (100km/uur) borde sal opgerig word. <p>Bogenoemde aangeleenthede behoort teen einde September afgehandel te word.</p> <p>Die vergadering bedank Gibo vir sy bydrae om die probleme met die R102 aan te spreek.</p> <p>5.2 Impalaweg – Skewe inligtingtekens</p> <p>Foto's is deur Anton geneem om verouderde en skewe tekens uit te wys. Mnr Naudé Viljoen, Hoof van Gemeenskapsveiligheid, het ontvangs erken en bevestig dat vervanging van uitgediende padtekens reeds aandag geniet en dat dit binne die volgende maand ontvang en opgerig sal word. Haal af.</p> <p>5.3 Rioolwerke by Sandhoogte</p> <p>Lede word versoek om Rozain te skakel wanneer die reuk opgemerk word sodat amptenare dadelik ondersoek kan gaan instel. Haal af.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
5.4	<p>Elektrisiteit – Tariefstruktuur vir inwoners</p> <p>Heelwat klagtes is van besigheid eenaars ontvang oor die nuwe elektrisiteitstruktuur. Kallie bevestig dat 'n skrywe ter verduideliking aan besigheid eenaars oorhandig sal word. Haal af.</p>	
5.5	<p>Nuusbrief 2012</p> <p>In proses. Die konsep nuusbrief sal aan lede gestuur word vir insette/kommentaar.</p>	Dorothy / Lede
5.6	<p>Jaarlikse vergadering met burgemeester en afdelingshoofde (Aug/Sept)</p> <p>Weens George se afwesigheid kon die agenda nie gefinaliseer word nie. Staan oor.</p>	Anton
5.7	<p>Verteenwoordiging by maandelikse munisipale vergaderings</p> <p>Komiteevergaderings sal soos volg bygewoon word:</p> <p>19 September 2012 – 09:00 – Charl Coetzer en Anton Dellelijn 17 Oktober 2012 – 09:00 – Mike Wray en Dawid Erasmus</p>	
5.8	<p>Erekode</p> <p>Anton sal die Afrikaanse weergawe aan lede e-pos. Haal af.</p>	Anton
5.9	<p>GOP vergaderings - terugvoer</p> <p>Strategiese punte is op die GOP aangespreek. Charl de Wet word versoek om die voorlegging oor Beyerstraat voor 20 September aan Kallie/Rozain te stuur vir bywerking. Haal af.</p>	Charl de Wet
5.10	<p>Spuit van gif op onkruid</p> <p>Die proses sal in die lente/somer seisoen begin. Haal af.</p>	
5.11	<p>Webtuise vir die Vereniging</p> <p>Anton was in gesprek met 'n persoon wat ons moontlik behulpsaam kan wees en sal besonderhede aan lede stuur.</p>	Anton
5.12	<p>Trap by 3de Laan</p> <p>Die vergadering neem kennis van die Munisipaliteit se terugvoer dat alle trappe na die see noukeurig gemonitor word. Die Munisipaliteit is bewus van die trap by 3de laan en is van voorneme om die trap te verleng. Kwotasies moet ingewin word wat 'n tydsame proses is. Haal af.</p> <p>Dawid word versoek om sy voorstel dat uitgediende bande gebruik word om trappe te stabiliseer aan Kallie te stuur vir verdere ondersoek. Haal af.</p>	Dawid / Kallie

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
5.13	<p>Tariefverhoging van Gemeenskapsaal</p> <p>Dorothy onderneem om die aangeleentheid direk met mnr Puren op te neem. Haal af.</p>	Dorothy
5.14	<p>Geraasbesoedeling – N2</p> <p>Kennis is geneem van aksies deur SANRAL om die geraasbesoedeling te verminder. Haal af.</p>	
5.15	<p>Vullishouers en –verwydering in Kusweg</p> <p>Is gerapporteer. Haal af.</p>	
5.16	<p>Kangostraat (padreserwe)</p> <p>Volgens verslaggewing deur mnr Eric Louw is die mangat ter sprake waarin die watermeter vir die SPAR kompleks monteer is. Die aangeleentheid is verskeie keer onder die SPAR bestuur se aandag gebring en het hulle aangedui dat die deksel deur 'n privaatkontrakteur vervaardig word en aangebring sal word.</p> <p>Die deksel is intussen aangebring. Haal af.</p>	
6.	<p>PROJEKTE</p>	
6.1	<p>Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering</p> <p>Geen ernstige probleme nie.</p>	
6.2	<p>Skoonmaak van erwe</p>	
6.2.1	<p>Snoei van beskermde bome</p> <p>Nuwe skoonmaakspanne het opleiding by departement Natuurbewaring ontvang. Instruksie is uitgereik dat geen beskermde bome op onbeboude erwe teruggesny of uitgehaal mag word nie wat probleme mag veroorsaak.</p> <p>Foto's van beskermde plante is aangevra om lede in te lig.</p> <p>Die aangeleentheid sal by die Algemene Jaarvergadering bespreek word.</p> <p>Die vergadering neem kennis dat André Nel die area by Le Roux straat tot teen die spoorlyn elke 3 – 4 maande inspekteur vir skoonmaak.</p>	Anton / Dorothy
6.3	<p>Rampbestuur</p> <p>Gibo versoek lede om mnr Johnson te kontak met enige probleme/na-vrae.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.3.1	<p>Ramp Risiko-verminderingplan vir Groter Mosselbaai</p> <p>Tydens 'n vorige vergadering is Gibo versoek om die vergadering met 'n kopie van die Plan te voorsien wanneer dit deur die Raad goedgekeur is.</p>	Gibo
6.3.2	<p>Klein-Brakrivier Rampgebeurlikheidsplan</p> <p>Terrie en Des is versoek om die plan vir korrektheid na te gaan vir terugvoer tydens die volgende vergadering.</p>	Des / Terrie
7.	<p>FINANSIES</p> <p>Geen verslaggewing nie.</p>	Dorothy
8.	<p>POLISIËRING / BUURTWAG</p> <p>Anton doen 'n beroep op lede om inwoners te sensiteer om veilig te wees.</p>	
9.	<p>BEWAREA</p>	
9.1	<p>Inligtingskantoor by Klein-Brakrivier</p> <p>Bewarea se versoek is by die Munisipaliteit se regsafdeling wat 'n brief met voorwaardes aan Bewarea sal stuur.</p> <p>Frik meld weer eens dat hy tans die enigste lid van Bewarea is en vra lede om belangstellendes na hom te verwys.</p>	Lede
10.	<p>PLAASLIKE SAKE</p>	
10.1	<p>Fraaiuitsig</p> <p>Charl oorhandig 'n lys van probleme aan Rozain vir verdere hantering.</p>	Rozain
10.2	<p>Klein-Brakrivier</p>	
10.2.1	<p>Herstel van chevron by T-aansluiting</p> <p>Is herstel. Haal af.</p>	
10.2.2	<p>Verwydering van bourommel in Beyerstraat 22 – erf 353</p> <p>Is skoongemaak. Haal af.</p>	
10.2.3	<p>Parkeerterrein naby Treinbrug in Beyersstraat</p> <p>Foto's van die area is aan die Munisipaliteit voorsien waarna mnr Ralph Dicksen vir Charl de Wet gekontak het om na oplossings te kyk. Sien ook item 5.5.</p>	Charl de Wet

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
10.2.4	<p>Erf 382, Klein-Brakrivier</p> <p>Die vergadering neem kennis van 'n skrywe van Omgewingsake aan mnr Danie Bosman waar hy in kennis gestel word van betaling van 'n R10 000 administratiewe fooi vir onwettige aanplanting van plante en "informele trap" binne die 100 meter hoogwatermerk. Haal af.</p>	
10.2.5	<p>Herstel van pad na hengelgebied / parkeerarea</p> <p>Foto's wat die probleem duidelik aandui is deur Frik geneem en aan Rozain oorhandig vir verdere opvolging.</p>	Rozain
10.3	<p>Reebok</p>	
10.3.1	<p>Noord van die spoorlyn</p> <p>Geen probleme nie.</p>	
10.3.2	<p>Suid van die spoorlyn</p> <p>Geen verslaggewing nie.</p>	
10.4	<p>Reebokhoogte</p> <p>Randstone wat kraak is aan die Munisipaliteit gerapporteer.</p>	Kruger
10.5	<p>Reebokrif</p> <p>Geen verslaggewing nie.</p>	
10.6	<p>Riverside</p>	
10.6.1	<p>Afkamping van publieke ontspanningsarea (10de laan)</p> <p>Versoek is op die GOP lys aangebring. Haal af.</p>	
10.6.2	<p>Chemiese toilette by rugbyveld en publieke ontspanningsarea</p> <p>Versoek is op die GOP lys aangebring. Haal af.</p>	
10.6.3	<p>Eienaarskap van rugbyveld</p> <p>Die versoek is aan Lanese deurgestuur wat met verlof is.</p>	Rozain
10.7	<p>Tergniet</p> <p>Die vergadering neem kennis dat die bourommel verwyder is met dank aan Abdul Coleridge.</p> <p>Anton bedank die Munisipaliteit vir hulle samewerking om die duin naby die Total vulstasie in Groot-Brakrivier te rehabiliteer nadat bourommel daar gestort is.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
10.7.1	<p>Spooroorgang by Charles Keenstraat</p> <p>Dank aan die Munisipaliteit vir opvulling tussen die spore. Haal af.</p>	
10.8	<p>Tergniethoogte</p> <p>Geen probleme nie.</p>	
11.	<p>KORRESPONDENSIE</p>	
12.	<p>VOLGENDE VERGADERING</p> <p>Die volgende vergadering sal op Dinsdag, 2 Oktober 2012 - 14:00 in die Reebok Gemeenskapsaal plaasvind.</p>	
13.	<p>VERDAGING</p> <p>Die vergadering verdaag om 16:00.</p>	
	<p>DOROTHY BARNARD NOTULEERDER</p>	
	<p>GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 9/2012 GEHOU OP 2 OKTOBER 2012.</p>	
	<p>ANTON DELLEMIJN VOORSITTER</p>	